

18 Desember

**Skrifgedeelte: Jesaja 46 (OAV)
Fokusgedeelte: Jesaja 46:1-58**

Dra of gedra word

Vroeër het ons hulle in die Karoo en op baie plase gesien: Pakdonkies met swaar vragte gelaai en osse onder die juk wat swoeg met sleë en waens wat kreun onder hulle vrag. Nou lees ons: “Bel het inmeakaargesak, Nebo staan krom, hulle afgode is ... ’n vrag vir die vermoeide diere. Saam staan hulle krom, inmeakaargesak; hulle kon die vrag nie red nie.”

Hierteenoor sê die profeet in die Naam van die Here: “Luister na My, o huis van Jakob en die hele oorblyfsel van die huis van Israel, julle wat deur My gedra is van die moederskoot af, opgeneem is van die geboorte af; en tot die ouderdom toe is Ék dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra; Ék het dit gedoen, en Ék sal julle opneem, en Ék sal dra en red.”

In hierdie hoofstuk draai alles om die woorde: “dra” of “gedra word”. Hierdie woorde bring die wesenslike verskil tussen God en afgode na vore. God dra vir Israel van sy jeug af tot sy grysheid, maar al wat afgod is moet gedra word.

Dit is nie nodig om jou skuld as jou lewe lank te dra nie! Wie oor alles besorg is, glo dat ’n mens self moet sorg – jouself moet dra. God sal nie sorg nie en jou nie dra nie. Dit is afgodediens! Neem jou toevlug tot Hom wat jou sondes gedra het.

Sing: Psalm 115:3,4,5,6

Ds FJ du T Lessing (Emeritus)